

Dag	Brood	Meer heuning	Oorhoofse beskrywing van die gebeure op die dag
<b>Ma</b>	Mark 11:12-24	Mat 21:1-17, Mark 11:12-24, Luk 19:45-48, Joh 2:13-22	Sondag: Intog op donkie soos deur Sagaria voorspel Maandag: Reiniging van die tempel en die vervloeking van die onvrugbare vyeboom
<b>Di</b>	Matt 21:23-45	Mat 21:23-45 Mark 11:27-12:12 Luk 20:1-19, Mark 12:1-12.	Dinsdag: Die strydgesprekke in die tempel en strafrede teen die Fariseërs verloop amper soos 'n skaakspel op die Dinsdag. Hulle beraam planne om Hom gevange te neem. Jesus lewer die profetiese rede (Mat 22-25): Die bedoeling van al die tekens van die eindtyd is om ons te waarsku: wees gereed!
<b>Wo</b>	Joh 12:1-8	Matt 26:1-25, Mark 14:1-21, Luk 22:1-20 Joh 12:1-8	Woensdag: Jesus se salwing. Ons lees ook hier van die laaste lydingsaankondiging - Jesus weet vooraf wat gaan gebeur (Matt 26:2). Judas verrai Jesus soos voorspel.
<b>Do</b>	Mat 26:26-30, 1 Kor. 11:23-25	Matt 26:26-75, Mark. 14:22-72, Luk 22:15-62, Joh 17-18:27	Donderdag: Instelling van die Nagmaal. Afskeidsgesprekke en die Hoëpriesterlike gebed (Joh 14-17). Petrus oor sy verloëning gewaarsku. Gebed in Getsémane. Daar is Hy ook gevange geneem. Verhoor voor Annas (Joh 18:12-14) en Kajafas (Mark 14:53) en die Joodse raad (Mark 15:1) nog dieselfde nag.
<b>Vry</b>	Luk 23:1-56	Mat 27:1-61 Mark 15:1-47, Luk 23:1-56, Joh 18:28-19:42	Vrydag: Na Pilatus (Joh 19:4), dan na Herodus (Luk 23:8) en weer terug na Pilatus (Joh 19:12) en in die proses ook gegésel. Gewoonlik is die straf eers twee dae later voltrek, maar reeds teen nege uur is Hy gekruisig by Golgota. Jesus was uit eie keuse offer en offeraar. Die sewe kruiswoorde is ook baie betekenisvol (Luk 23:34, Luk 23:43, Joh 29:26-27, Mark 15:34, Joh 19:28, Joh 19:30, Luk 23:46)
<b>Sat</b>	Matt 27:62-66	Matt 27:62-66 I Kor 15:1-28	Saterdag: Saterdag was die Sabbat – die sewende dag, 'n rusdag. Hy was in die graf.
<b>Son</b>	Joh 20:1-24	Matt 28:1-20, Mark 16:1-20 Luk 24:1-49 Joh 20:1-24	Sondag: Hy het werklik opgestaan. Met Jesus se opstanding word die Sabbat (Saterdag) nou 'n Sondag, die eerste dag – die opstandingsdag. Die vroeë kerk het dit so begin gebruik (1 Kor 16:2 ook Hand 20:7).

## Paasfees

Toe Johannes Jesus sien, sê hy van Hom:  
"Dáár is die Lam – Hy het vir sonde gekom!" (Joh 1:29)  
So maak hy seker dat jy nie mis lees  
dat sy verhaal opbou na die paasfees:

Voor die viering van Paasfees het Jesus reeds verstaan  
Sy tyd het gekom het om na Sy Vader toe te gaan. (Joh 13:1)  
En so kom die verhaal  
by hulle laaste maal.  
Hy het hulle nie van Egipte se verlossing vertel,  
maar by hierdie Paasmaal begin 'n nuwe bestel:

Jesus het nederig Sy dissiplens se voete gewas.  
"Petrus, om in My te deel moet ek jou sonde afwas."  
(Joh 13:4-10)  
Om die tafel was hulle geseën en hoor toe saam:  
"Die gebreekte bood: Neem, eet; dit is My liggaam."

Met die beker het Hy 'n dankgebed uitgespreek:  
"Drink almal van die bloed uit My liggaam vir jul gebreek.  
Deur hierdie bloed word die verbond beseël  
en word vergewing van sondes julle deel" (Mat 26:26-28)

"Op paasfees laat ek altyd iemand vry  
Ek vind Hom onskuldig moet Hy dit kry?"  
"Vat hom weg! Kruisig Hom! Laat Hom ly!"  
(Joh 18:37-40, 19:14-16)  
En so word Hy die Lam vir jou en my...

Soos die lam se bloed in Egipte op die kosyn,  
so was die Lam se bloed op die kruis deur pyn  
Dit is dan waarvoor die nagmaal is  
'n maaltyd tot Sy gedagtenis.

Elke keer as jy van hierdie brood eet  
en uit die beker drink, moet jy weet:  
Jy verkondig die dood van die Heer  
totdat Hy kom, op die wolke weer! (I Kor 11:23-26)

Ons paaslam is geslag: dit is Christus.  
Dis juis hoekom die oproep vir jou weer is:  
Verwyder uit jou die suurdeeg van die sonde  
en word gereinigde brood deur Sy wonde. (I Kor 5:6-8)